Skriflesing: 2 Timotheüs 1:1-17
Teks:**2 Timotheüs 1:6-7**
Heidelbergse Kategismus**- Sondag 7**
Sing- Ps.36:3; Ps.25:3,4; Ps.36:2 ;Ps.66:1,7
Waar Paulus aan Timotheüs skrywe, broeder en suster, dan is Paulus 'n ou man, hy is in die tronk in Rome, hy wag om enige tyd tereg gestel te word. Hierdie Timotheüs-brief is van al Paulus se briewe sy heel laaste brief. So word hierdie brief dan ook soos 'n testament opgemaak; die laaste dinge wat vir Paulus van groot belang is word in hierdie laaste wil van hom op aarde opgeteken. Daarom noem ons dan ook hierdie brief Paulus se geestelike testament vol blymoedige bemoediginge!

Ons sien dit as 'n baie persoonlike brief. Paulus praat met Timotheüs soos met iemand wat hy liefhet, soos 'n seun, hy noem hom ook my geliefde kind, en persoonlik staan Timotheüs se ouma Lois en sy ma Eunice ook aan Paulus bekend. Hulle geloof moet alom bekend wees! Saam met die persoonlike staan die pastorale bemoeienis uit in hierdie brief. Ons sou verwag dat Timotheüs die een moes wees wat Paulus pastoraal moet bystaan, maar néé met die duidelikste pastorale bemoediging is Paulus uit die dodesel besig om mense daar in die lewe daarbuite te bemoedig, in besonder vir Timotheüs. Saamgevat kan ons sê in die tronk is Paulus nie deur 'n gees van vreesagtigheid gepla nie. Die rend se nes is opgewek, die nes is versteur, maar hy is nie verskrik nie. Trouens Paulus sê vir Timotheüs- *God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.* Watter woorde as ons besef dit is van agter die tronk mure in die kake van die dood geskryf!

***

Letterlik kan ons hierdie vreesagtigheid ook vertaal met lafhartigheid. Om lafhartig te wees kom nie van God af nie. Trouens so maklik gebeur dit dat 'n mens se vrese jou oorweldig. Ons kan aanvaar Timotheüs het hierdie vreesagtige gees in hom gehad waarteen Paulus hom nou juis waarsku. Maar wie vanoggend saam met ons Sondag 7 bely wil juis baie ernstig kyk na al die dinge wat my bangmaak, voordat ek nog werklik kan begin praat oor die geloof wat daar in my is, en wat vanoggend ook in ons belydenis is. Wie weet nie van dit wat ons bangmaak nie. Die toekoms van ons land, ons kinders, ons grond, die onsekerheid hang soos groot letters oor baie mense se lewe, en hoe baie

mense, plaasmense is daar nie reeds vermoor nie. Skakings, verkragtings, ontvoerings het alledaags geword. Kwalik haal dit alles nog die nuus! Hoe kan die Here se Woord vanoggend vir ons sê moet nie bang wees nie?

***

Alleen met dit wat Sondag 7 ons laat bely. Om oor ons geloof te kan praat en werklik iets te begryp van die wonder van geloof sal soos die strale van die son moet inskyn om die vrees wat soos 'n mis oor jou lewe kan hang weg te brand.

Timotheüs se vrees het moontlik van verskillende kante hom opgedring. Ons lei af dat sy jonkheid met tye vir hom 'n probleem was, Paulus sê in die eerste brief dat niemand sy jonkheid moet verag nie, en selfs wil dit klink of Timotheüs al was hy jonk nie 'n gesonde mens was nie. Daarom raai Paulus hom ook reeds vroeg aan om vir sy gesondheid en gereelde ongesteldhede 'n bietjie wyn te drink. Daarmee saam, wil dit tog lyk of Timotheüs iemand kon wees wat oor homself onseker gevoel het, beskeie, teruggetrokke, 'n alleen-mens wat deur God in hierdie harde wêreld van wrede mense ingestuur word, waar van die mense in Efese daar waar Timotheüs moes werk, selfs beskrywe is as wrede wolwe wat daarop uit is om die kudde van God nie te spaar nie (vgl. Hand.20:29). . Meer kere as Paulus oor Timotheüs se persoon sou skrywe dan is die gedagte dat Timotheüs bang is iets waarna Paulus verwys. So skryf Paulus aan die einde van 1 Korinthiërs 16 dat as Timotheüs daar by hulle in Korinthe kom hulle moet sorg dat hy *sonder vrees is, want hy doen die werk van die Here net soos ek.* (1 Kor.16:10). Timotheüs moet nou by Paulus oorneem, dit maak hom bang, en ook die feit dat Paulus in die tronk in Rome is plaas verantwoordelikhede op Timotheüs waarvoor hy moontlik nog nie gereed gevoel het nie, en dit maak hom bang.

Vreesagtigheid is soos 'n indringer in jou lewe wat jou bangmaak, onseker, en jou lafhartige besluite kan laat neem. In die Grieks is dit die woord **δειλία** wat ook beteken waar jou hart en moed jou begewe. Jou hart verdwyn! Timotheüs moet besef in die hart van die evangelie is God Self en wanneer hy met die Woord van God werk dan is die God van die Woord met hom. Die God wat juis in die gemeente waar Timotheüs is, daar in Efese sy wonderbare raad en grote krag duidelik maak dat ons dit moet kan verstaan.

Want is dit nie die Efesiër-brief wat op so ‘n besondere wyse wys hoe God die geloof in mens werk nie? Efesiër 1 wat ons gemaklik kan noem die duidelikste hoofstuk oor God se uitverkiesing. Hoe God ons al voor die grondlegging van die wêreld uitverkies het (Ef.1:4), maar hoofstuk 2 van Efesiërs skakel dadelik die geloof by God se uitverkiesing in. Efesiërs 2:8- *Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie; dit is die gawe van God.* Dit wat Efesiërs ons laat hoor, die samehang tussen uitverkiesing en geloof en hoe God dit alles skenk dit is dieselfde as Sondag 7 se eerste vraag- ***Word alle mense gered?....Nee, maar slegs die word salig gemaak wat deur ‘n ware geloof in Christus ingelyf word en al sy weldade aanneem.***

***

Watter vrees-ver drywende antwoord! Om uitverkies te wees, om in Christus ingelyf te word, is dieselfde saak, en die groot saak wat ons hier moet bely is dat dit is ‘n kerksaak. Die kerk is die liggaam van Christus, platter gesê die kerk word lyf van Christus genoem, en as ons ingelyf word by Christus dan is dit waar ons deel van die liggaam van Christus word. Daarom soos wat die uitverkiesing ‘n vaste saak by God is, so moet ons deel wees van die kerk vas staan. Baie mense het baie keer sulke los gedagtes in hulle kerklike denke. Mense wat veronderstel dat hulle kan selfs die kerk bedank en maar weer sommer ‘n ander kerk kies. Wie kies werklik vir wie? Waar God vir u gekies het om hier vir Hom te dien as arm of been of oog of oor in hierdie liggaam van Hom, dan is die weggaan uit die kerk of die skeuring van ‘n kerk so goed jy is besig om jou arm van jou lyf af te skeur. As dinge in ‘n liggaam nie gesond is nie, dan moet dit gesond gemaak word, genesing is die uitweg, nie amputasie nie!

Die troos is waar dit in die kerk gesond is, het ons ‘n vaste geestelike belegging, ons het *krag, liefde en selfbeheersing,* dit wat Paulus vir Timotheüs noem, wat alle vrees wegdrywe dat hier kan ek God dien. In Christus se liggaam is ek besig om my verantwoordelikheid juis op grond van God se uitverkiesing na te kom deur aktief vir Christus te kies en al sy weldade aan te neem. Die mens het ‘n verantwoordelikheid. Daarvan mag niemand wegskram nie, om die weldade van Christus *aan te neem.*

***

Die geloof is die handoplegging van God, God se hand in u hand, dat u hande na al hierdie dinge moet reik, en dit moet raak vat en dit moet vas vat. Dit help niks dat ‘n mens oor al hierdie dinge kan praat, maar jy het nie die hand in jou eie lewe om hierdie dinge jouself toe te eien nie. Vraag 21 gee my die hand deur my nie net die noodsaak van geloof te laat besef nie, maar om ook die wese van geloof in jou lewe oop te krap.

So ‘n oopkrap gedagte is by Paulus ook. Voordat Timotheüs in v. 7 gewaarsku word deur nie vreesagtig te wees nie word die baie mooi beeld van ‘n kooltjie vuur daar diep onder ‘n klomp as gebruik. So ‘n kooltjie moet oopgekrap kan word. Ons het gelees dat Paulus sê vir Timotheüs in v.6 sê - om die *genadegawe van God aan te wakker, wat in jou is, deur die oplegging van my hande.* Hierdie genadegawe wat aangewakker moet word, gebruik die Grieks die woord- ἀναζωπυρέω Ons moet dit w*eer soos ‘n vuur kan aanblaas*…Die Griekse woord dui direk daarop om krag en ywer aan te wakker of om iets aan te steek (aan te blaas) dat daar (weer) vlamme moet wees. Daardie boonste klomp as word weggekrap, dit het ons belydenis tot en met Sondag 6 gedoen. Die as van sonde waarbinne ons almal lê, is met 19 vrae en antwoorde oopgekrap. Sondag 7 kom by die warmste deel van verlossing uit nl. hoe om hierdie Jesus Christus wat Sondag 6 net sy Naam genoem het nou in jou eie lewe ‘n werklikheid te maak.

***

Dadelik beleef ons iets van die trant waarmee Paulus met Timotheüs praat, ‘n vaderlike trant, maar dieselfde tipe van gevoel moet ook hier bestaan as jou geloof met jou begin praat. Dit is nie ek wat in die eerste plek oor my geloof moet kan praat nie maar dit is my geloof wat met my moet begin praat. (Ek het nie geloof nie, maar die geloof het vir my!) Daar is iets moederlik in vraag 21. Iets van my ma is my ma, sy praat met my, sy lewe, sy is vry. Die arend saam met haar kleintjie. Die kerk staan in Galasiërs 4:26 direk aan die moederlike beeld- *Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal.* By God se vrou, sy kerk, moet ek kan begin om by geloof uit te kom. Daar waar die inlywing in Christus plaasvind (V/A 20), word dit ‘n soort van persoonlike toeëiening wat gemaak moet kan word (V/A 21). Soos om te bely **dat God nie net aan ander nie, <u>maar ook aan my</u> uit loutere genade slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het.**

Hierdie moederlike hande wat die kerklike belydenis op ons lê kom van God af, God ons Vader, maar wie God as Vader het, het die kerk as moeder het Ciprianus al in die 3de eeu gesê. Dit is God se kerk wat Jesus se hart in mekaar laat krimp het oor wat daar in Jerusalem gebeur. Jesus het gewys dat sy koms is nie dit wat die mens dit wil maak nie, en dan word Jesus se eie moederlike hart oopgemaak as Hy van Jerusalem sê- *Jerusalem, Jerusalem, …hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaar maak soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke maar julle wou nie.* (Vgl. Luk.13:34).

***

Die "wou nie" is waar geloof nie 'n ware kennis en vasstaande vertroue wil wees nie. Hulle wil glo, maar op hulle manier. Dit wat die duiwel ook doen, hy glo ook daarom sidder hy (vgl. Jak.2:19). Historiese geloof is nie ware geloof nie, ook nie tydgeloof nie, ook nie wondergeloof nie. Historiese geloof wat sê dat alles verstandswerk is, wat ek nie kan verstaan nie, dit glo ek nie, of tydgeloof wat 'n gevoel kwessie is, solank die emosie hou, so lank hou die geloof, of wondergeloof wat slegs in kragtige tekens en wonders belangstel. Ware geloof is wel verstaan werk, maar nie net die vertand nie, daar moet gevoel en belewing in jou geloof wees, maar tog ook weer meer as dit, en wel glo ons dat God nog steeds wonders kan doen, maar die wonders staan nie opsigself nie. Belangrik dat ons uit die ware geloof meer dikwels nie maar op 'n dorre dooie manier net glo dit wat ons bely nie, maar dat ons waarlik ook sal kom om te bely dit wat ons glo.

Om te bely wat ons glo en nie net te glo wat ons bely nie, sal soos 'n geweldige krag in u lewe begin werk. Jesus het gepraat van as geloof maar net so groot soos 'n mosterdsaadjie kan wees dan sal ons daarmee berge kan versit. Paulus noem aan Timotheüs dat geloof, hierdie gawe van God bestaan uit *krag, liefde en selfbeheersing*. Daarom besef ons dadelik om oor my geloof te praat is nie om vir ander te vertel wat daar ten diepste in my hart aan die gang is nie, ja om te wil verduidelik is my geloof nou afkomstig uit hart, wil of denke nie, dit is nie die belangrikste nie, trouens dit raak piëtisties om geloof so af te kamp, en heeltyd te wil verduidelik waar sit my geloof.

Die belangrikste is waarop rig jy jou geloof. Op die waarheid van God of die leuens van mense. Ons moet dit duidelik en konkreet besef, want geloof het baie met kennis te make, of ek werklik eerlik is in my bedoelinge as ek van geloof praat. Heidene wat eerlik kan wees as hulle erken hulle glo dat hulle nie glo nie. Dit waarnatoe my geloof strek, daardie arms wat jou geloof moet uitsteek, omarm dit werklik God se Woord, is dit my diepste begeerte om werklik vir God te ken en lief te hê of is ek besig om my arms na baie ander dinge uit te steek, buite en los van God se Woord. M.a.w. voor mense kan ek maklik hulle 'n rat voor die oë draai, maar God weet presies hoe die groewe van die hart in mekaar steek as daardie hartgroewe in die lewe daarbuite hulle draaiwerk doen. Wat is ek besig om in my lewe al vaster en vaster te maak. My verhouding met God of my verhouding met die wêreld? Wat bepaal werklik die draaiwerk van my hart se groewe? Waarop rig ek hierdie geloof van my, dit bly die eintlike vraag?! Is dit in die eerste plek 'n vasstaande kennis wat na buite gaan en na buite gerig is om **alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het, vir waar te aanvaar…**dan word dit tegelyk 'n vaste vertroue, wat net soveel van buite kom en buite gerig is, want die vaste vertroue **is wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk,** en dan gebeur die persoonlike toeëining waarna ons reeds verwys het…**ook aan my**.

***

Paulus verwys hierna dat in die plek van vrees sal Timotheüs persoonlik kan ontvang krag, liefde en selfbeheersing. Daarop moet ons geloof rig. In die middel van hierdie drie staan nie verniet liefde nie. Krag, liefde, selfbeheersing. Sonder liefde is krag maar eintlik net domkrag, dis blind, 'n maak- en breek krag. So is liefde ook in die middel ten opsigte van selfbeheersing want as selfbeheersing nie met liefde geskied nie, dan word dit koud, hard en klinies. Selfbeheersing sonder liefde gee my dan maar dieselfde gevoel as by 'n tandarts. Daardie stoel kan maar koud wees. Die tandarts moet daardie irriterende boor gebruik om jou tande in te boor, en daar moet 'n kliniese selfbeheersing van die kant van die tandarts wees as hy sy boor laat rol. Nog krag, nog selfbeheersing sal die vrees kan verdryf as in die middel daarvan nie liefde sou wees nie.

Maar met liefde in die middel is die krag wat Timotheüs kan ontvang dieselfde krag wat berge kan versit, al is dit 'n klein bietjie geloof, soos 'n mosterdsaadjie. Ons kan ook

praat van geloof is eintlik soos ‘n atoom wat wag op kragvrystelling. Geloof is die duurste energiebron ter wêreld, nie eers die wêreld se olie kan soveel energie vrystel in vergelyking met waartoe geloof in staat is nie. Met die liefde daarby verdryf hierdie krag die grootste vrese denkbaar. So word liefde al groter en die krag word al meer en selfbeheersing verfyn jou hele wese om werklik te kan onderskei waarop die groot vrese in jou lewe sal uitloop as ek nie by die punt kom om op te hou om bang te wees nie. *God het ons nie ‘n gees van vreesagtigheid gegee nie,* maar God het vir ons geloof gegee wat in die raffinadery van krag liefde en selfbeheersing verwerk moet word.

Daarom wie vandag kan sê *ek glo waarlik,* ek weet beslis waarop my geloof gerig is, op God se volle Woord, ja ek bely waarlik die volle spektrum van ons belydenis, want ek glo nie net wat ek bely nie, maar ek bely ook wat ek waarlik glo, dan is u liefde nie selfliefde nie, maar die ware liefde wat met krag en selfbeheersing die vrees uit u en ander se lewens sal wil uithaal. Selfliefde verdryf ongelukkig nie vrees nie, want as u van alles wat u moet liefhê nog steeds vir uself die meeste omgee, dan is en bly dit tog eienaardig die dinge wat ‘n mens bangmaak. Dan is ek bang vir my geld wat in die bank lê, sê nou dit raak op, dan is ek bang vir die grond, sê nou die droogte hou nie op nie, sê nou my vee vrek en my oeste verdwyn. Altyd bang vir alles en nog wat. En vir die dood is so iemand die bangste. Kom uit die krot van vreesagtige selfliefde, ja vleg vir uself ‘n sweep met u los liefdestoutjies en maak hierdie sweep ‘n tugsweep waarmee ek bereid is om met vandag se belydenis in Sondag 7 na my en ander se lewens te kyk en waarlik voor God te erken *God het nie vir my gegee ‘n gees van vreesagtigheid, maar van krag en liefde en selfbeheersing.*

AMEN